NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

14 Maart 2024

AAN: Kerkrade
Finansiële Advieskomitees
Skribas en kassiere
Predikante

**OMSENDSKRYWE NR 12/2024**

Geagte broers en susters

## PENSIOENBYDRAES AANGETOON VIR DIE BELASTINGJAAR WAT EINDIG OP 28 FEBRUARIE 2025

Die belastingvoordeel vir die berekening van die predikant se belasting ten opsigte van die **2024-2025-belastingjaar** word vir u in dié skrywe uiteengesit.

Die bydraes word bereken volgens 'n konsep wat **versorgingsvoordeel** genoem word. Die versorgingsvoordeel vir die 2024-2025-belastingjaar beloop R628 000 en daar is geen direkte verband met die werklike traktement van die predikant(e) nie.

Sommige gemeentes is onseker hoe om die Pensioenfondsbydraes van hul predikante op hul gemeente se salarisstelsels te laai asook op die IRP5-sertifikaat vir die belastingjaar wat eindig op **28 Februarie 2025** aan te toon. Dit beïnvloed dus die berekening van belastingaftrekkings (LBS).

Die volgende twee tabelle toon die bydraes ten opsigte van die belastingjaar wat gaan eindig op **28 Februarie 2025**. Die syfers is ten opsigte van bydraes vir 'n volle jaar (12 maande). Waar predikante nie vir die volle jaar tot die Pensioenfonds bygedra het nie, moet die syfers pro rata aangepas word.

**Predikante wat VOOR 1 Maart 2022 by die Pensioenfonds aangesluit het:**

| Lidmaatskap | Werknemers-bydrae (predikant) | Totale Werkgewers-bydrae (gemeente tov pensioen en risiko) | (Min) Belasbare enkelbedrag by ongeskiktheid en ongeskiktheids-inkomste | Netto werkgewers-bydrae tov pensioen alleen | Totale bydraes tot pensioen (gemeente en predikant) |
|---|---|---|---|---|---|
| 100% | 47 100 | 78 500 | 13 452 | 65 048 | 112 148 |
| 75% | 35 325 | 78 500 | 13 452 | 65 048 | 100 373 |
| 50% | 23 550 | 78 500 | 13 452 | 65 048 | 88 598 |
| 25%* | 11 775 | 19 625 | 3 190 | 16 435 | 28 210 |
| 10%* | 4 710 | 7 850 | 1 276 | 6 574 | 11 284 |
| **IRP5-kodes** | | **3817** | | **4472** | **4001** |

**Predikante wat NA 1 Maart 2022 by die Pensioenfonds aangesluit het:**

| Lidmaat-skap | Werknemers-bydrae (predikant) | Totale werkgewers-bydrae (gemeente tov pensioen en risiko) | (Min) Belasbare enkelbedrag by ongeskiktheid en ongeskiktheids-inkomste | Netto werkgewers-bydrae tov pensioen alleen | Totale bydraes tot pensioen (gemeente en predikant) |
|---|---|---|---|---|---|
| 100% | 47 100 | 78 500 | 12 761 | 65 739 | 112 839 |
| 75% | 35 325 | 78 500 | 12 761 | 65 739 | 101 064 |
| 50% | 23 550 | 78 500 | 12 761 | 65 739 | 89 289 |
| 25%* | 11 775 | 19 625 | 3 190 | 16 435 | 28 210 |
| 10%* | 4 710 | 7 850 | 1 276 | 6 574 | 11 284 |
| **IRP5-kodes** | | **3817** | | **4472** | **4001** |

Bogenoemde kodes moet op die IRP5 getoon word ten opsigte van pensioen, byvoordele en gepaardgaande aftrekkings.

Neem asseblief kennis dat die werklike pensioenheffing, soos dit per debietorder op u bankstaat (werkgewerbydraes) afgetrek word, **NIE** op die IRP5 getoon moet word **nie**. Die syfer op die bankstaat verteenwoordig verhaling van werkgewersbydraes op die kollektiewe model en sal daarom verskil van die bedrae wat werklik namens elke individuele predikant aan die Pensioenfonds oorbetaal word.

Die rede waarom daar 'n verskil is tussen lede wat voor en na 1 Maart 2022 tot die Fonds toegetree het, is omdat daar sedert 1 Maart 2022 'n beginsel van pariteit tussen werknemer- en werkgewerbydraes geld. Die tabelle hiernaas illustreer die verskil in die bydraepersentasies.

**Predikante wat VOOR 1 Maart 2022 by die Pensioenfonds aangesluit het:**

| Lidmaat-skap | Werknemers-bydrae (predikant) | Totale werkgewers-bydrae (gemeente tov pensioen en risiko) | (Min) Belasbare enkelbedrag by ongeskiktheid en ongeskiktheids-inkomste | Netto werkgewers-bydrae tot die Pensioenfonds |
|---|---|---|---|---|
| 100% | 7.5% x 628 000 | 12.5% x 628 000 | 2.142% x 628 000 | 10.358% x 628 000 |
| 75% | 7.5% x 628 000 | 12.5% x 628 000 | 2.142% x 628 000 | 10.358% x 628 000 |
| 50% | 7.5% x 628 000 | 12.5% x 628 000 | 2.142% x 628 000 | 10.358% x 628 000 |
| 25% | 7.5% x 157 000 | 12.5% x 157 000 | 2.032% x 157 000 | 10.468% x 157 000 |
| 10% | 7.5% x 62 800 | 12.5% x 62 800 | 2.032% x 62 800 | 10.468% x 62 800 |

**Predikante wat NA 1 Maart 2022 by die Pensioenfonds aangesluit het:**

| Lidmaat-skap | Werknemers-bydrae (predikant) | Totale werkgewers-bydrae (gemeente tov pensioen en risiko) | (Min) Belasbare enkelbedrag by ongeskiktheid en ongeskiktheids-inkomste | Netto werkgewers-bydrae tot die Pensioenfonds |
|---|---|---|---|---|
| 100% | 7.5% x 628 000 | 12.5% x 628 000 | 2.032% x 628 000 | 10.358% x 628 000 |
| 75% | 7.5% x 628 000 | 12.5% x 628 000 | 2.032% x 628 000 | 10.358% x 628 000 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 50% | 7.5% x 628 000 | 12.5% x 628 000 | 2.032% x 628 000 | 10.358% x 628 000 |
| 25% | 7.5% x 157 000 | 12.5% x 157 000 | 2.032% x 157 000 | 10.468% x 157 000 |
| 10% | 7.5% x 62 800 | 12.5% x 62 800 | 2.032% x 62 800 | 10.468% x 62 800 |

Ons vertrou dat hierdie inligting vir u tot hulp sal wees.

Indien daar enige verdere navrae is, kan u gerus met my skakel.

Vriendelike groete



**Mnr JJP Hattingh**
***Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum***

012 322 8885 x3008
johan@nhk.co.za